

NALIBALI

Vier boeke!

23 April is Wêreldboekedag!

Wanneer kinders baie boeke lees, word hulle beter lesers. Sodat jou kinders lewenslange lesers sal word, moet hulle wil lees!

As ons ons kinders aan die lees wil kry en aan die lees wil hou, moet ons verstaan wat hulle motiveer om te lees.

Celebrate books!

23 April is World Book Day!

Reading lots of books helps to make children better readers. For your children to keep reading throughout their lives, they must want to read!

If we want to get our children reading and then keep them reading, we need to understand what motivates them to read.

Van watter soorte boeke hou kinders?

- Kinders sal meer geneig wees om 'n boek te lees wat hulle self gekies het as 'n boek wat 'n onderwyser of ouer vir hulle gekies het.
- Hulle hou van boeke wat by hul persoonlike belangstellings pas.
- Hulle is meer geneig om boeke met opwindende omslae en aksiebelaide storielyne te kies.
- Hulle hou ook van snaakse of bangmaakboeke met oulike illustrasies.
- Dit is vir kinders belangrik om iets te leer wanneer hulle 'n boek lees.
- Biblioteke gee vir kinders die geleentheid om na baie verskillende boeke te kyk voordat hulle die boeke kies wat hulle wil lees.



What kinds of books do children like?

- Children are more likely to read a book that they chose themselves than a book that a teacher or parent chose for them.
- They like books that match their personal interests.
- They are more likely to choose books with exciting covers and action-packed plots.
- They also like books that are funny or scary and have great illustrations.
- It is important to children that they learn something from reading a book.
- Libraries give children the opportunity to look at lots of different books before choosing the ones they want to read.

Wat kan hulle motiveer om te lees?

- Kinders se belangstelling in lees word meestal geprikkel en aangemoedig deur familieledede (veral hul ma's), onderwysers en maats.
- Hulle vind dikwels uit watter boeke hulle dalk sal wil lees deur met hul maats te praat.
- Hulle geniet dit wanneer familieledede en onderwysers vir hulle lees, al kan hulle al self lees!
- Wanneer die leesgogga hulle gebyt het, wil hulle net aanhou lees!



What can motivate them to read?

- Children's interest in reading is mostly sparked and encouraged by family members (especially their mothers), teachers and friends.
- They often find out about books they might want to read by talking to their friends.
- They enjoy being read to by family members and teachers, even though they can already read!
- Once they catch the reading bug, they just want to keep reading!

Hoe ouers en versorgers kan help

- Maak seker jou kinders het toegang tot 'n groot verskeidenheid boeke waarin hulle belangstel.
- Vat hulle na die biblioteek toe, en koop vir hulle hul eie boeke wanneer jy kan.
- Laat hulle hul eie boeke kies.
- Gesels met jou kinders oor boeke en lees vir hulle, ongeag hoe oud hulle is.
- Laat hulle by 'n bestaande leesklub aansluit of begin jou eie leesklub!

Nooi gerus van jou kinders se maats op Wêreldboekedag na jou huis toe. Elke kind kan hul gunstelingboek saambring en vir die ander vertel waarvan hulle die meeste in daardie boek hou.

How parents and caregivers can help

- Make sure that your children have access to a wide variety of books that interest them.
- Take them to the library and, when you can, buy books for them to own.
- Let them choose their own books.
- Speak to your children about books and read to them, no matter their age.
- Let them join an existing reading club or start one of your own!

Why not invite some of your children's friends to your home on World Book Day? Each child could bring their favourite book along and share what they love most about that book.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies!

Storievertelaktiwiteite wat jong verstande laat ontwikkel en kinders betrek

Literacy Seeds!

Storytelling activities to enrich and engage young minds



Beste ouers en versorgers van jong kinders, ons koester almal hoop en het groot drome vir ons kinders – dat hulle gelukkige, gesonde en suksesvolle lewens sal lei. En ons weet dit verg harde werk om hulle te help om hierdie drome te laat waar word.

Die beste belegging wat ons in ons kinders kan maak, is om vir hulle ons tyd te gee – tyd om na hulle te luister, met hulle te gesels en dinge saam met hulle te doen. Dit alles gebeur byna vanself wanneer ons saam stories vertel en lees. Wanneer ons stories met kinders deel, help ons om hulle horisonne te verbreed en bou ons 'n stewige fondament vir hul toekoms.

Dear parents and caregivers of young children, we all have hopes and dreams for our children – that they will live happy, healthy and successful lives. And we know that helping them to achieve these dreams takes effort.

The wisest investment we can make in our children is to give them our time – to listen to them, to talk to them and to do things with them. All of these things happen quite naturally when we tell and read stories together. When we share stories with children, we help to expand their world and we build a firm foundation for their futures.

Hoe om dit te geniet om saam met jou kinders te lees en boeke met hulle te deel


How to enjoy reading and sharing books with your children



1. Lees in hulle moedertaal. As 'n mens stories in jou moedertaal lees, maak dit lees makliker en sal jou kinders dit meer geniet. Probeer ons groeiende versameling stories in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale op Nal'ibali se webwerf by www.nalibali.org.

1. Read in their mother tongue. Reading stories in your mother tongue makes reading easier and more enjoyable. Try our growing collection of stories in a range of South African languages on the Nal'ibali website, www.nalibali.org.

2. Lees waarvan hulle hou. As jy wil hê jou kinders moet lief word vir lees en elke dag wil lees, moet hulle geniet wat hulle lees! Sommige kinders hou van stories oor die regte lewe, terwyl ander van fantasieverhale hou. Laat hulle dus lees wat hul belangstelling prikkel!



2. Read what they love. For children to love reading and to want to read every day, they need to enjoy what they are reading! Some children may like stories based on real life while others like fantasy. So, whatever sparks their interest, let them read it!

3. Lees gedrukte boeke. Jong kinders leer baie deur hul sintuie. Daarom is dit baie belangrik dat hulle ervaar hoe dit voel om gedrukte boeke vas te hou en die bladsye om te blaai.

3. Read printed books. Young children learn a great deal through their senses. It is, therefore, very important for them to have the experience of holding printed books and turning the pages.



4. Lees saam ... of laat hulle op hul eie lees. Kies boeke om saam met hulle te lees wat effens verder gevorderd is as die boeke wat jou kinders tans op hul eie lees. Maar as kinders verkies om op hul eie te lees, moedig dit ook aan.

4. Read together... or on their own. Choose books to read together that are slightly more advanced than the books your children are currently reading on their own. But, if children prefer to read on their own, encourage this as well.

5. Gesels oor die prente en vra jou kind vrae. Wys na dinge in die prente en noem die name of vra jou kind om die name te noem. Vra: "Wat dink jy gaan volgende gebeur?" of "Hoekom is die man kwaad?"

5. Talk about the pictures and ask your child questions. Point to things in the pictures and name them or ask your child to name them. Ask: "What do you think happens next?" or "Why is the man angry?"




Drive your imagination



Hoe lees ek prentboeke sonder woorde?

In prentboeke sonder woorde word die storie net deur die prente vertel, of dit bevat dalk net 'n paar woorde. As jy hierdie boeke lees, bied dit 'n wonderlike geleentheid om idees te deel oor wat in die illustrasies gebeur, hoekom sekere kenmerke in die illustrasies ingesluit is, wat karakters dalk dink of sê en hoe die storie gaan verloop. Daar is geen "regte" of "verkeerde" manier om dit te lees nie en daarom kan elke kind 'n unieke storie skep terwyl hulle deur die boek blaai.



1. Spandeer tyd daaraan om oor die omslag en die titel van die boek te gesels, want dit gee vir ons leidrade oor die hooftema van die storie.
2. Blaai deur die boek en spandeer tyd daaraan om die illustrasies deeglik te bestudeer. Let op en gesels oor waar die storie afspeel, asook oor die karakters se gesigsuitdrukings en liggaamstaal.
3. Vertel die storie in verskillende stemme, met interessante, beskrywende woorde en klankeffekte noudat jy 'n idee van die volgorde van die gebeure in die storie het.
4. Om 'n storie aan die hand van 'n prentboek sonder woorde te vertel, is 'n uitstekende manier om jou kinders se selfvertroue en woordeskatt te bou terwyl hulle 'n storie vertel. Vra vrae oor die besonderhede in die illustrasies om jou kinders te help om nuwe woorde te gebruik en hul lees en vertel van die storie te verdiep.



How do I read wordless picture books?

With wordless picture books, the story is told using pictures only, or there may be a few words. Reading these books creates a wonderful opportunity for sharing ideas about what is happening in the illustrations, why certain features were included in the illustrations, what characters may be thinking or saying and where the story is heading. There is no "right" or "wrong" way to read it, so each child can create a unique story while paging through the book.

1. Spend time talking about the cover and the book's title, as these give us clues about the main thrust of the story.
2. Page through the book and spend time looking carefully at the illustrations. Notice and talk about the story's setting and the characters' facial expressions and body language.
3. Now that you have an idea of the sequence of the story, tell the story using different voices, interesting, descriptive words, and sound effects.
4. Telling a story using a wordless book is an excellent way in which to build your children's confidence and vocabulary when they tell a story. Ask questions about details in the illustrations to help your children use new words and add depth to their story reading and telling.


Vrae om jou kinders se gedagtes te rig...



- * Wat gebeur in hierdie prent?
- * Wat dink jy dink/sê die karakter? Hoekom sê jy so?
- * Wat wil die karakter graag doen?
- * Wat dink jy gaan die karakter volgende doen? Watter uitwerking sal dit op die storie hê?
- * Waar speel die storie af? Wat let jy op omtrent die plek waar dit afspeel?

Some questions to guide your children's thinking...

- * What is happening in this picture?
- * What do you think the character is thinking/saying? What makes you say that?
- * What is the character hoping to do?
- * What do you think the character is going to do next? How will it affect the story?
- * What is the setting of the story? What do you notice about the setting?



Beste Nal'ibali... Dear Nal'ibali...



Skrif aan Nal'ibali by
Die Nal'ibali Trust
Posbus 36397
Glosderry, 7702
Of kontak ons via ons
sosialemediaplatforms.

Write to Nal'ibali at
The Nal'ibali Trust
Box 36397
Glosderry, 7702
Or contact us on our
social media platforms.

Beste Nal'ibali

Ek is 'n Aardrykskunde-onderwyser. Ons skool het met 'n Drop Everything And Read- (DEAR-)program begin om geletterdheid onder die kinders te verbeter. Kan julle asseblief vir my idees gee oor hoe om stories in my vakgebied interessanter te maak.

Dankie,
Kgosi, Driefontein

Beste Kgosi

Tradisionele stories is 'n wonderlike beginpunt as jy verskillende plekke en tydperke en mense se verskillende lewensomstandighede wil verken. Kies stories wat in ander lande afspeel en laat die kinders dan die internet en inligtingsboeke gebruik om meer oor hierdie lande uit te vind. Jy kan ook die kinders aanspoor om kaarte en/of atlasse te gebruik om die plekke te vind waarvan hulle in stories lees of om 'n storie karakter se reis te volg.

Die Nal'ibali-span



Dear Nal'ibali

I am a Geography teacher. Our school has started a Drop Everything And Read (DEAR) programme to improve the children's literacy rates. Please can you give me some ideas for making stories interesting given my subject area.

Thanks,
Kgosi, Driefontein

Dear Kgosi

Traditional stories are a great starting point to explore different places and time periods and different ways people live. Choose stories set in other countries and then let the children use the internet and information books to find out more about these countries. You can also encourage the children to use maps and/or atlases to find the places they read about in stories or to trace the journey of a story character.

The Nal'ibali Team



Beste Nal'ibali

Ek is 'n enkelouer en het 'n babaseuntjie van nege maande oud. Al my vriende sê vir my ek moet vir hom lees. Ek probeer elke dag vir my kind 'n storie lees, maar ek is nie seker of hy belangstel nie. Hy gryp die boek en maak geluide terwyl ek lees. Ek het prentebouke vir kinders gekoop, maar is hy te jonk vir lees?

Alison, Westridge

Beste Alison

As jy gereeld saam met jou kind lees, sal jy oplet dat sy gedrag wanneer jy vir hom lees, mettertyd verander. Nie alle babas raak stil wanneer jy vir hulle begin lees nie. Soms klap hulle hul hande of skop hulle met hul voete om te wys dat hulle opgewonde is. Wanneer jou seun na die boek gryp, beteken dit hy stel daarin en in die kleurvolle prente belang. Wanneer babas geluide maak wanneer jy vir hulle lees, kan dit wees dat hulle jou probeer naboots. Moenie tou opgooi nie! Dit lyk of jou baba opgewonde is wanneer jy vir hom lees.

Die Nal'ibali-span



Dear Nal'ibali

I am a single parent of a nine-month-old baby boy. All my friends keep telling me to read to him. I try to read a story to my child every day, but I'm not sure if he is interested or not. He grabs the book and makes a noise while I'm reading. I bought picture books for children, but is he too young for reading?

Alison, Westridge

Dear Alison

If you read with your child regularly, you will notice that his behaviour when you read to him will change over time. Not all babies become quiet when you start to read a book to them. Sometimes they clap or kick their legs to show their excitement. When your son reaches for the book, it shows that he is interested in it and the colourful pictures. When babies make sounds when you read to them, they may be trying to imitate you. Don't give up! It seems that your baby is excited when you read to him.

The Nal'ibali Team

Bou jou eie biblioteek. Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Baba Otter wil bietjie slaap

1. Skeur bladsye 9 en 10 van hierdie bylae af.
2. Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

'n Baie belangrike boom

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Grow your own library. Create TWO cut-out-and-keep books

Baby Otter wants a nap


1. Tear off pages 9 and 10 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

A Very Important Tree


1. To make this book, use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Drive your
imagination



Lots more free books at bookdash.org



Get story active!

- ★ Draw a picture of a tree and some of the creatures that need trees for food or shelter.
- ★ Write a poem or song about trees. You can write about how it looks, how important trees are and how people should look after trees.
- ★ See page 13 for a lovely project that you and your family or friends can do to celebrate Earth Day on 22 April.

Raak doenig met stories!

- ★ Teken 'n prent van 'n boom en van die diere en voëls wat bome nodig het om kos en skulling te kry.
- ★ Skryf 'n gedig of liedjie oor bome. Jy kan skryf oor hoe dit lyk, hoe belangrik bome is en hoe 'n mens bome moet bewaar.
- ★ Blaai na bladsy 13 vir 'n heerlike projek wat jy en jou gesin of maats kan doen om Aardedag op 22 April te vier.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your imagination

A Very Important Tree




'n Baie belangrike boom



Liam Longland • Elana Bregin
Hen'iZ Creative Studio • Carla Lever


Ideas to talk about: Do you think trees are important? Why or why not? What are some ways we use trees? What are some ways animals and insects use trees?

Idees om oor te praat: Dink jy bome is belangrik? Hoekom of hoekom nie? Waarvoor gebruik ons bome? Waarvoor gebruik diere en insekte bome?









She climbed onto some rocks that jutted out of the sea.
 Could this be the perfect place to nap?
 The rocks grew hot and one poked Baby Otter's back.
 She couldn't nap here!
 She slid back into the sea and turned on her back.
 Sy klim op 'n paar rotse wat bo die see uitsteek.
 Kan dit die perfekte plek wees om te slaap?
 Die klippe word warm en die een steek teen Baba Otter se rug.
 Sy kan nie hier slaap nie!
 Sy gly terug in die see en draai op haar rug.

Baby Otter tries different places to nap but there's always something that's not right. Then something special happens to make nap time perfect!
 This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling and reading for enjoyment.



Baba Otter probeer om op verskillende plekke te slaap, maar daar is altyd iets wat nie reg is nie. Dan gebeur iets spesiaals om slaapyd perfek te maak!
 Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Draw a picture of yourself, a family member or your pet taking a nap. Under your drawing, write a sentence that describes what you have drawn.
- ★ Make a list of the places where Baby Otter tried to nap and what was wrong with each place.
- ★ Make up your own story about places where a child wants to nap and what goes wrong. For example, the child wants to nap on a table and nearly falls off it! Draw a picture to show your favourite part of your story.

Raak doenig met stories!

- ★ Teken 'n prent van jouself, 'n familielid of jou troeteldier wat slaap. Skryf onder jou prent 'n sin wat beskryf wat jy geteken het.
- ★ Maak 'n lys van die plekke waar Baba Otter probeer slaap het en sê wat fout was met elke plek.
- ★ Maak jou eie storie op oor plekke waar 'n kind wil slaap en wat skeefloop. Byvoorbeeld, die kind wil op 'n tafel slaap en val byna af! Teken 'n prent om die deel van die storie waarvan jy die meeste hou, te wys.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your imagination

Baby Otter wants a nap



Baba Otter wil bietjie slaap

Desirée Botha • Clyde Beech

Ideas to talk about: Why do you think it could be dangerous for a young animal to nap anywhere they want to? How do some animals protect themselves when they nap? Where is your favourite place to nap?

Idees om oor te praat: Hoekom dink jy kan dit vir 'n babadiertjie gevaarlik wees om sommer op enige plek te slaap? Hoe beskerm sommige diere hulself terwyl hulle slaap? Waar slaap jy die graagste?



Baby Otter was very tired. She went off in search of a good place to sleep.

The first place Baby Otter saw was the kelp forest where her mom used to leave her when she was very little.

Could this be the perfect place to nap?

She tried to curl up in the kelp. The kelp was too slippery.

This was not the perfect place to nap.

Baby Otter had to look for another place.

Baba Otter is baie moeg. Sy begin soek na 'n goeie slaapplek.


Die eerste plek wat Baba Otter sien, is die seebamboeswoud waar haar ma haar gelos het toe sy baie klein was.

Kan dit die perfekte plek wees om te slaap?

Sy probeer in die seebamboes opkrul. Die seebamboes is te glad.

Dit is nie die perfekte plek om te slaap nie.


Baba Otter moet 'n ander plek soek.




The water felt cool and calm. She started falling asleep, but then she felt herself drifting into the deep water! That was when her mom swam up to her. Mom held Baby Otter's paw and they lay next to each other in the water. Now Baby Otter wouldn't drift away. This was the perfect place to nap! Baby Otter closed her eyes and smiled, and with her paw tightly in Mom's, she drifted off to sleep. Die water is koel en kalm. Sy begin aan die slaap raak, maar toe voel sy hoe sy in die diep water wegdryf! Net toe swem haar mamma na haar toe. Mamma hou Baba Otter se pootjie vas en hulle lê langs mekaar in die water. Nou kan Baba Otter nie wegdryf nie.



Dit is die perfekte plek om te slaap!
Baba Otter maak haar oë toe en glimlag, en met haar pootjie styf in Mamma s'n, raak sy aan die slaap.





Maak 'n boomcollage

Make a tree collage

Bome speel 'n baie belangrike rol om ons wêreld skoon en gesond te hou. Bome suiver die lug deur koolstofdioksied ('n giftige gas) op te neem en suurstof vry te stel, 'n gas wat alle lewende wesens, ook mense, nodig het om te bly lewe.

Trees play a very important role in keeping our world clean and healthy. Trees clean the air by taking in carbon dioxide (a poisonous gas) and giving off oxygen, a gas that all creatures, including humans, need to stay alive.

Trees draw water from deep under the ground and release it as water vapour into the atmosphere, where it can form life-giving water. Trees provide food and shelter, shade and firewood, and they stop the soil from being washed away by rain.

Bome suig water diep onder die grond op en stel dit as waterdamp in die atmosfeer vry, waar dit in lewegewende water omgeskakel kan word. Bome bied kos en skuiling, skaduwee en vuurmaakhout en keer dat die grond wegspoel wanneer dit reën.

Afvalpapier, gom en vetkryt,
verf of viltpenne /
Scrap paper, glue and
crayons, paint or kokis

Blomme /
Flowers

Haarknippe /
Hairclip

Plakkers /
Stickers

Droë sade /
Dried seeds

Ou tydskrifte en skêr /
Old magazines and
scissors

Vere / Feathers

Droë gras / Dry grass

Perskepit of
akker /
Peach pit or
acorn

Plastiekteelepel en
swart viltpen of verf /
Plastic teaspoon and
black koki or paint

Tou of wol /
String or wool

Feite oor bome

Een enkele akkerboom kan skuiling en kos bied aan

- 532 soorte ruspes
- 147 soorte voëls
- 120 soorte soogdiere
- 60 soorte reptiele en amfibieë
- 280 soorte insekte

Ou tydskrifte en skêr /
Old magazines and
scissors

Karton / Cardboard

Tree facts

A single oak tree can shelter and feed

- 532 types of caterpillars
- 147 types of birds
- 120 types of mammals
- 60 types of reptiles and amphibians
- 280 types of insects



Die boer en die reus



Deur Ken Williams ■ Illustrasies deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

Eendag was daar 'n reus wat op 'n hoë berg bo pragtige groen landerye gewoon het. Ongelukkig was hy 'n baie nare reus. Elke dag loop hy van plaas tot plaas en vat enigiets wat hy wil hê, sonder om eens te vra! Hy vat die hele oes en al die diere, sodat die boere niks oor het om vir hul gesinne te sorg nie.



Die boere is baie kwaad omdat die reus so maak, maar hulle is te bang om hom te keer. Gelukkig is daar een boer, met die naam Kopano, wat besluit om dapper te wees. "Ek is baie slim, en ek sal 'n plan maak om ontslae te raak van die reus," sê hy vir die ander boere. Hulle is almal baie dankbaar, maar bewe van vrees as hulle net daaraan dink om teen 'n reus te baklei!

Die volgende oggend pak Kopano kos, 'n graaf en 'n byl in en kies koers na die berg om die reus te gaan soek. Baie ure later kom Kopano op 'n klein grotjie af. Hy kruip in en maak seker hy is goed weggesteek sodat die reus hom nie sal sien nie.

Kort daarna hoor hy swaar voetstappe toe die reus teen die berg opklim.

Terwyl die reus nader kom, hoor Kopano hoe hy 'n vrolike liedjie sing terwyl hy groente, vrugte, drie vet koeie en twee sterk perde dra wat hy by die boere gesteel het. Dit maak Kopano woedend.

Kopano weet die reus is te groot om hom in sy skuilplek te vind. Terwyl die reus dans en sing, vermom Kopano sy stem en sê: "Jy dink jy is sterk en slim, maar ek is baie sterker en slimmer as jy. Ek is ook vinniger as jy en kan jou in enige resies wen."

Die reus kan sy ore nie glo nie. "Wie durf my uitdaag?" bulder hy terwyl hy omswaai om te probeer uitvind waar die stem vandaan kom. Maar Kopano het goed weggekruip, en die reus kan hom nêrens kry nie.

Kopano lag en sê: "Sien, ek het jou al klaar gefop. Jy sal my nooit kry nie, maar dalk is jy dapper genoeg om my uitdaging te aanvaar."

"Wie durf my uitdaag?" bulder die reus weer. "Kom uit dat ek jou kan sien!"

"Nog nie," antwoord Kopano. "Ontmoet my môremiddag om twaalfuur in die veld aan die voet van die berg. Dan sal ons sien wie die vinnigste is. En as ek wen, moet jy weggaan en die boere nooit weer pla nie. Aanvaar jy my uitdaging?"

"Natuurlik, lag die reus. "Ek is vinniger en sterker as enigiemand! Ek sal hierdie uitdaging wen."

Kopano glimlag by homself en kruip uit die grot uit en teen die berg af sonder dat die reus hom sien.

Die volgende oggend voor dagbreek begin Kopano 'n sloot in die veld spit. Toe maak hy soveel byekorwe as wat hy kan vind, bymekaar. Hy sit die byekorwe versigtig in die sloot en maak seker hy steur nie die bye nie. Hy kap 'n paar groot takke af en pak dit oor die sloot. Heel laaste bedek hy alles met grond sodat die veld lyk soos dit gewoonlik lyk.

Kort daarna is die reus daar, en hy lyk baie selfversekerd. Toe hy sien hoe klein Kopano is, lag hy hom slap: "Jy is 'n klein boer," sê hy. "Ek weet ek is baie sterker en vinniger as jy!"

Al is Kopano 'n bietjie bang, weet hy hy gaan die reus uitoorlê, en hy sê: "Vandag is die uitdaging om te kyk wie die vinnigste is. Ons spring by die groen boom weg en daardie boom daar doer ver is die wenstreep." Kopano maak seker die twee bome is aan weerskante van die versteekte sloot wat hy gegrawe het.

Die reus lag so hard dat die grond bewe. "Ek is gereed!" sê hy. "Hierdie resies is geen uitdaging vir my nie. Ek gaan vandag beslis wen."

Kopano en die reus staan langs die boom. Toe sê Kopano: "Op jou merke, gereed, weg!"

Die reus begin hardloop en is ná twee treë ver voor Kopano. Hy kyk om en sien die klein boer agter hom. Maar net hier maak die reus 'n groot fout, want toe hy omkyk, trap hy in die versteekte sloot. Die grond en die takke gee pad onder sy gewig, en toe hy neerslaan, breek hy al die byekorwe oop en swerms woedende bye vlieg uit. Die bye begin die reus steek, en gou skreeu hy van die pyn. Die reus is vreesbevange. Hy spring op en hardloop so ver weg as wat hy kan. En hy het nooit weer teruggekom nie.



Kopano stof homself af en begin terugstap na sy plaas toe. Langs die pad ontmoet hy al die ander boere en hul gesinne. Hulle klap hande en sing en sê vir Kopano dankie.

Kopano glimlag vrolik, want hy weet dat 'n klein boer 'n reus uitoorlê het. En dit is nie iets wat elke dag gebeur nie, selfs nie eens in stories nie!

Raak doenig met stories!

- Dink jy Kopano was baie slim? Kan jy aan 'n ander manier dink om van die reus ontslae te raak?
- Maak 'n plakkaat met die opskrif: STOP BOELIES! Maak 'n lys van die dinge wat jy moet doen as jy geboelie word.

- In hierdie storie het die reus die boere geboelie omdat hy groter en sterker as hulle was. Watter ander redes dink jy is daar hoekom boelies ander mense boelie?



Drive your
imagination



The farmer and the giant

By Ken Williams ■ Illustrated by Natalie and Tamsin Hinrichsen



Once upon a time, there was a giant who lived on a mountain high above beautiful green farmlands. Unfortunately, the giant was very mean. Every day he would go from farm to farm and take whatever he wanted without even asking! He took all the crops and animals so that the farmers did not have anything left to feed their families.



The farmers were getting very angry at the giant's behaviour, but they were too scared to stop him. Luckily there was one farmer, named Kopano, who decided to be brave. "I am very clever, and I will make a plan to get rid of the giant," he said to the other farmers. They were all very grateful but trembled at the thought of trying to fight a giant!

The next morning, Kopano packed some food, a spade and an axe and headed towards the mountain to find the giant. After many hours, Kopano found a small cave. He crawled inside and made sure that he was well hidden so that the giant would not see him.

Not long after, he heard heavy footsteps as the giant stomped up the mountain.

As the giant came closer, Kopano could hear that he was singing a happy song while he carried vegetables, fruit, three fat cows and two strong horses that he had stolen from the farmers. This made Kopano furious.

Kopano knew that the giant was too big to find him in his hiding place. So, while the giant danced and sang, Kopano disguised his voice and said, "You think you are strong and smart, but I am much stronger and smarter than you are. I am also faster than you are and could beat you in any race."

The giant could not believe his ears. "Who dares to challenge me?" he shouted as he spun around trying to find where the voice was coming from. But Kopano had hidden well, and the giant could not find him anywhere.

Kopano laughed and said, "You see, even now I have fooled you. You will never find me, but perhaps you are brave enough to accept my challenge."

"Who dares to challenge me?" the giant shouted again. "Show yourself!"

"Not yet," answered Kopano. "Meet me tomorrow at noon in the field at the foot of the mountain. Then we will see who is the fastest, and if I win, you must leave and never disturb the farmers again. Do you accept my challenge?"

"Of course," laughed the giant. "I'm faster and stronger than everyone! I will win this challenge."

Kopano smiled to himself and then snuck out of the cave and down the mountain without the giant noticing.

The next morning, before sunrise, Kopano started digging a long trench in the field. Then he collected as many beehives as he could find. He gently put the hives in the trench, making sure not to disturb the bees. Next, he chopped down some big branches and laid them across the trench. Lastly, he covered everything with soil so that the field looked as it always had.

Soon enough, the giant arrived, looking very confident. He laughed and laughed when he saw how small Kopano was. "You are a small farmer," he said. "I know that I am much stronger and faster than you are!"

Although Kopano felt a bit scared, he knew that he was going to outwit the giant and so he said, "Today, the challenge is to see who is the fastest. This green tree is the starting point and that tree in the distance is the finish." Kopano made sure that the two trees were on opposite sides of the hidden trench he had made.

The giant laughed so much that the ground shook. "I'm ready," he said. "This little race is no challenge to me. I will surely win today."

Kopano and the giant stood next to the tree. Then Kopano said, "On your marks, get set, go!"

The giant started running and was way ahead of Kopano within two steps. He looked back and saw the little farmer far behind him. But this was the giant's big mistake because, when he looked back, he stepped right into the hidden trench. The soil and branches crumbled under his weight and when he fell, he broke open all the hives and out came swarms of angry bees. The bees began to sting the giant, and soon he was crying in pain. The giant was terrified. He jumped up and ran as far away as he could, never to return.



Kopano dusted himself off and started walking back towards his farm. Along the way, he met all the other farmers and their families. They clapped and sang and thanked Kopano.

Kopano smiled happily because he knew that today a small farmer had outwitted a giant, and that is not something that happens every day, not even in stories!

Get story active!

- Do you think Kopano was very clever? Can you think of another way to get rid of the giant?
- Make a poster with the title: STOP BULLIES! Write a list of things to do if you are being bullied.

- In this story, the giant bullied the farmers because he was bigger and stronger than they were. What other reasons can you think of that some people bully others?

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun



1.



In die storie 'n Baie belangrike boom keer die dogtertjie dat die man die boom afsaag. Wat dink jy gebeur in hierdie prent? Skryf in die praatborrel wat jy dink die dogtertjie vir die man sê. Skryf dan 'n paar sinne oor hoekom jy dink bome belangrik is.

In the story *A Very Important Tree* the little girl stops the man from cutting down the tree. What do you think is happening in this picture? In the speech bubble, write what you think the little girl is saying to the man. Then write a few sentences about why you think trees are important.

2.

Watter klein prentjie van Neo en sy pa wat lees, is presies dieselfde as die groot prent?

Which little picture of Neo and his dad reading is exactly the same as the big picture?



3.



Hoeveel van die volgende dinge kan jy in die prent vind en benoem?

- iets waarmee jy eet _____
- iets wat jou help om beter te kan sien _____
- iets om op te sit _____
- iets om te drink _____
- 'n plek waar jy kan kos maak _____
- iets wat wys hoe laat dit is _____

How many of these things can you find and name in the picture?

- something to eat with _____
- something that helps you to see better _____
- something to sit on _____
- something to drink _____
- somewhere to cook food _____
- something to tell what time it is _____

Antwoorde: 2. A; 3. vurk, bril, stoel, koeldrank/sap, braai, horlosie
 Antwoorde: 2. A; 3. fork, glasses/spectacles, chair, cooldrink/juice, braai, watch



Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:
 Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

- TheNalibaliChannel
- nalibaliSA
- @nalibaliSA
- @nalibalisa
- @nalibalisa
- nalibalisa
- The Nal'ibali Trust
- +27 64 801 5496

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

